

OPENBARING VAN: EK IS...

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

SKRIFVERWYSINGS IN HIERDIE LESING

EXODUS 3:14 En God sê vir Moses: **EK IS WAT EK IS**. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: **EK IS** het my na julle gestuur.

OPENBARING 4:8 En die vier lewende wesens het elkeen vir homself ses vlerke gehad, en hulle was rondom en van binne vol oë; en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!

Openbaring 4:9 En elke keer as die lewende wesens heerlijkheid en eer en danksegging gee aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe,

Openbaring 4:10 val die vier en twintig ouderlinge neer voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe, en werp hulle krone voor die troon en sê:

Openbaring 4:11 U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlijkheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape.

-o0o-

Exodus 3:14 En God sê vir Moses: **EK IS WAT EK IS**. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: **EK IS** het my na julle gestuur.

Laat my asseblief toe om iets baie besonders met julle te deel, wat ek dit vanoggend vroeg van die Here ontvang het. Die onderwerp waaroor ek wil praat is – **EK IS**. Toe God Hom aan Moses openbaar het as: **EK IS**

Wat ek met julle gaan deel, is soos wat ek as mens die klein deeltjie van die Almagtige God verstaan wat aan my geopenbaar is. Geen menslike woorde of enige iets, selfs nie 'n engel, wat God in Sy Grootheid en Almag self kan beskryf of verduidelik nie. So verstaan baie mooi wat ek sê, die openbaring van EK IS waaroor ek met julle praat, is dit wat ek vanmôre ondervind het. Ek probeer nie die EK IS verduidelik nie, want ek kan nie. Daar bestaan nie woorde nie; daar bestaan niks.

ONBEPERKTE TYD

Vroeg oggend het ek met die Here gepraat en Hy het my teruggeneem na die Vrymakingskursus, wat sekerlik baie van julle al deurloop het, en sal verstaan wat ek probeer verduidelik. In die begin van die kursus trek ek 'n klein strepie op die wit bord. Die begin van die strepie is Genesis 1 en die einde van die strepie is Openbaring 22, die laaste boek in die Bybel.

- Dit is die era of tydperk waarin ons lewe en ken as tyd.
- Ons is in daardie strepie.

Nadat ek die strepie getrek het, maak ek die stelling dat God tot in alle ewigheid dieselfde is. In presies dieselfde oomblik is God in die ewige verlede, in die hede en in die ewige toekoms.

Dan strek ek my arms wyd van die ewige verlede, tot in die ewige toekoms.

- God is God.
 - God is nie tydelik nie.
 - Tyd kom uit God.
 - Alles wat ons ken, kom uit God.

Plaas in julle gedagtes weer daardie strepie wat ek en jy ken, van Genesis 1 tot Openbaring 22.

-o0o-

- Eintlik, is daar 'n tydlose ewigheid alreeds VERBY en 'n tydlose ewigheid in die TOEKOMS.

Ons is vandag 7,2 biljoen mense, sê hulle, op die aarde. Vir elke sekonde van daardie 7,2 biljoen mense wat op hierdie oomblik lewe, is daardie tye alreeds beplan deur die Almagtige. Die Almagtige weet presies, want Hy ken die einde van die begin af.

- As Hy praat van die einde van die begin af, is dit daardie tydjie tussen daardie twee strepies

Hy weet hoeveel mense al op die aarde gelewe het. God Almagtig ken alles van elke persoon se lewe. Hy ken elke deel of sekonde.

SKEPPINGSWONDER

God het vir my 'n kosbare openbaring gegee 'n klompie jare gelede, in die tyd toe dit baie gereën het in Namibië. Ons was op 'n plaas in die verre suide van Namibië, in die Solitaire omgewing. Ek het agter op 'n bakkie gestaan en die pragtige blinkhaar gras aanskou. Soos die gras waai en blink in die son, was dit die mooiste gesig.

Die Here sê toe vir my "Gert noem net, wys vir my enige graspol, en EK kan jou sy verlede vertel in detail elke graspolletjie, biljoene jare gelede vanaf die skepping.

EK kan jou vertel biljoene jare terug, tot en met die dag toe EK dit gemaak het.

- Ek kan vertel waarvandaan hy kom;
- hoe het die winde gewaai;
- waarheen het hy gegaan;
- hoe, wat en waar het dit gereën;
- waar was die graspolletjie;
- waarvandaan sy saad kom;
- waar het hy gestaan en
- waar het sy pa en sy oupa gestaan;
- sy oorsprong in detail tot terug by die skepping. EK kan van elke graspolletjie in detail alles vertel.

Ek probeer vir jou 'n raamwerk skep ...

Elke sand korreltjie, elke boompie, elke plant, elke wolk, elke stukkies suurstof, elke element, elke goggatjie op hierdie aarde se geskiedenis, van Genesis 1 tot Openbaring 22, wat binne die twee strepies is, kan HY vertel. Alles se beplande en bepaalde lewe kan die Almagtige vir jou in die fynste detail vertel. Die wetenskaplikes kan dit nie eers ontleed nie.

- Alles wat ooit bestaan het in die ganse skepping, hetsy dit 'n planeet, 'n son, 'n sterrestelsel (galaxy) of wat ook al is.

Daar is niks wat vir die Almagtige onbekend is nie. Hy onderhou Sy volkome skepping elke dag soos wat Hy vir die mossies sorg. Gaan sit en dink oor daardie prentjie. God Almagtig ken alles van alles van sy die geskiedenis tot die toekoms van elke ding wat bestaan en ooit nog bestaan het. Ek praat net van die twee strepies. Dit is al klaar vir ons 'n "WOW".

- Geen wese is so groot, wys, almagtig, alwetend of volmaak genoeg om daardie kennis te besit nie. Daar is niks en niemand nie.

TOEKOMS

Nou neem ek jou van die linkerkantse, of die begin strepie, Genesis 1 af, terug tot in alle ewigheid. Wat het daar, terug tot in alle ewigheid, gebeur? Ons gaan dan van Openbaring 22 vërder vorentoe, tot in alle ewigheid.

- Wat is daar in die ewige toekoms?

Net God weet. Niemand of niks weet nie. Onthou daar was nie eers engele nie.

- Engele het nie in die ewige verlede bestaan nie, want engele het 'n skeppingsdag gehad.
- Daar was net Vader, Woord en Heilige Gees, sê die Bybel vir ons.

Daar was nie eers lig, ruimte of duisternis in die ewige verlede nie. Hoe kan iets bestaan, maar daar is nie eers ruimte duisternis of lig nie? Ons weet nie wat daar in die ewige verlede was nie.

Wanneer ek my arms van my linkerkant na my regterkant toe uitstrek, sover as wat tot hoe ver hierdie lyn getrek kan word, tot in alle ewigheid toe, sê die Almagtige vir my; "Gert, **EK IS** "

In alles wat ooit bestaan het en ooit sal bestaan, tyd alles, **EK IS** betrokke in alles se hele volkome detail, want

- **EK is** die Skepper,
- **EK is** die Almagtige,
- **EK is** die Alwetende.

EK IS

EERBIED EN AANBIDDING

Ek dink nie ons kan besef waarmee ons besig is nie, want **EK IS**.

Toe ek vroeg oggend die openbaring kry van **EK IS**, het ek gewonder of God Homself in só 'n vorm kan beskryf, dat ons Hom ooit sal kan verstaan. Ek sê dit sonder om godslasterlik te wees, en met die grootste respek. Hy kan Homself seker beskryf ja, want Hy is Almagtig, maar sal ons Hom ooit, selfs in Sy verheerlikte vorm, kan verstaan?

Openbaring 4: 8 En die vier lewende wesens het elkeen vir homself ses vlerke gehad, en hulle was rondom en van binne vol oë; en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!

Ek praat baie keer oor die vier lewende wesens wat voor die troon sit, wat van buite en van binne net uit oë bestaan. Sedert die hemele geskape is, is hierdie wesens ook geskape. Al wat hulle doen is om voor die Here neer te buig. As hulle buig en weer opkom, het hulle 'n nuwe openbaring van God. Al wat die oë kan sê is: **Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige**. Wanneer hulle daardie openbaring kry, dan buig hulle weer voor Hom neer. Dit duur al so vir biljoene jare hoe hulle neerbuig in eerbied en aanbidding. Dit sal aangaan tot in alle ewigheid. As al daardie oë wêr 'n nuwe openbaring kry, is dit onmoontlik vir die vier lewende wesens om dit te beskryf.

- Geen engel kan Hom beskryf nie, want die vier lewende wesens kan Hom nie eers beskryf nie.

In die vier lewende wesens se leeftyd en jare van openbarings, sal hulle nooit ooit die Here kan beskryf nie. Al wat hulle kan sê is **Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige**.

(So gaan dit aan vandat hulle geskape is en tot in alle ewigheid sal dit so wees. Daardie vier lewende wesens kan in hulle ewige bestaan nooit die Almagtige beskryf nie).

- **EK is....**
- **EK is....**

Die grootste van alles is dat ek kan sê, Hy wat die **EK IS**, is my Vader.

- Wat 'n voorreg om die **EK IS**, Vader te kan noem.

Word 'n bietjie stil en dink aan dit wat ek aan julle probeer verduidelik het. Mediteer daaroor.


Neem tyd en oordink:

- waarmee is ons besig
- wat is in ons hande geplaas en

- watter kans is aan ons gegee om te kan sê dat ons kinders van die Allerhoogste God is.

Die Here seën elke oor wat hoor wat die Gees van God in die gemeente sê.

Mooi dag verder.



Attributes of GOD

INFINITE

God has no limits; The heavens cannot contain God.
(1 Kings 8:24, Isaiah 66:1, Psalm 145:3, Job 5:9, Job 9:10)

OMNIPOTENT

God has all power.
(Genesis 18:14, Jeremiah 32:17, Job 42:2)

OMNIPRESENT

God is present everywhere all the time.
(Proverbs 15:3, Jeremiah 23:23-24, Psalm 139:7-12)

ETERNAL

God has no beginning or end; God is not confined by time.
(Deuteronomy 32:40, Isaiah 57:15, Daniel 4:34, Deuteronomy 33:27, Genesis 21:33, Isaiah 40:28, Psalm 90:1-2, Revelation 1:8, Jude 25)

IMMUTABLE

God never changes.
(Psalm 102:25-27, Malachi 3:6, James 1:17, Hebrews 6:17, Hebrews 13:8, Romans 11:29)

INCOMPREHENSIBLE

God is beyond our understanding.
(Job 11:7, Job 26:14, Romans 11:33)

SELF-EXISTENT

God depends on nothing for His existence.
(Exodus 3:14, John 5:26)

OMNISCIENT

God knows everything
(Psalm 139:1-6, Psalm 147:5)

TRANSCENDENT

God is above Creation; God exists totally apart from His Creation.
(Isaiah 55:8-9, Isaiah 40:22, Psalm 40:5, Psalm 113:4-5)

SOVEREIGN

God is in total control and is total preme God does whatever He pleases.
(Psalm 135:6, Ephesians 1:11, Isaiah 46:9-11, Daniel 4:32, Daniel 5:21, Daniel 4:35-37)

HOLY

God is morally excellent, Perfect.
(Exodus 15:11, Isaiah 6:3, Leviticus 19:2, Luke 1:49, Job 34:10)

RIGHTEOUS

God always does right.
(Deuteronomy 32:4, Psalm 119:142)

JUST

God is fair in all His actions.
(Numbers 14:18, Psalm 89:14)

MERCIFUL

God exhibits active compassion against those who offend Him.
(Psalm 62:12, Psalm 89:14, Psalm 106:44-45, Psalm 116:5, Psalm 17:7, Romans 9:14-16)

LONGSUFFERING

God's righteous anger is kindled slowly.
(Numbers 14:18, 2 Peter 3:9)

WISE

God has perfect discernment; God only chooses righteous ends.
(Isaiah 40:28, Daniel 2:20)

LOVING

God exhibits a love not based on worth or merit.
(Jeremiah 31:3, Romans 5:8, 1 John 4:19)

GOOD

God gives according to His good will.
(2 Chronicles 5:13, Psalm 25:8, Psalm 106:1, Psalm 68:10, Psalm 145:9, Nahum 1:7)

WRATHFUL

God hates all unrighteousness
(Exodus 34:6-7, Romans 1:18)

TRUTHFUL

Whatever God says is...Truth; God of Truth.
(Deuteronomy 32:4, Psalm 33:4, John 8:31-32, John 14:6)

FAITHFUL

God is always true to promises
(Deuteronomy 7:9, Lamentations 3:22-23, 2 Timothy 2:13, 1 Thessalonians 5:24, Hebrews 10:23, Psalm 77:8)

JEALOUS

God is unwilling to share what is rightfully His.
(Exodus 34:14, Deuteronomy 32:16-21, 1 Kings 14:22, Psalm 78:58, Ezekiel 8:3; 16:38; 16:42, Ezekiel 23:25; 36:5; 38:19)

SELF-SUFFICIENT

God brings about his will without help.
(Psalm 50:12, Acts 17:24-25)

Note: "Jealous" does not refer to the shallow human emotion, but speaks of God's intolerance to divided loyalty by those who are in covenant with Him.